
tempo is stadig. Daar is altyd baie om te doen, so jy moet jou tyd reg gebruik. Wanneer dit reën skryf ek artikels en as die son skyn, neem ek foto's."

Daarby help Roger ook studente en jong tuinboukundiges om hul vaardighede te verbeter. Daar is ook uitdagings, soos om tuinontwikkelings en projekte te skep wat interessant sal wees vir gereelde besoekers én wat nuwe natuurliefhebbers kan lok.

Die bevredigendste deel van sy werk is die feit dat Roger inheemse plante bevorder. "Ek hou veral daarvan om nuwe maniere te vind om iets te laat groei. Daai gevoel om iets suksesvol aan die groei te kry, is onbeskryflik! Die beste gedeelte van my werk is wanneer besoekers se gesigte ophelder wanneer hulle 'n pragtige blom sien en ruik."

Volgens Roger kan 'n tuinboukundige enigiets tussen R10 000 en R45 000 verdien.

## BOTANIS



Reginald Christiaan (29), van Kamiesberg in die Noord-Kaap, werk by die Namakwa Nasionale Park as 'n toerisme-assistent.

"Ek is meer van 'n botanis as enigiets anders. Wanneer die toeriste hierheen kom, gaan ek saam hulle uit veld toe en ek verduidelik hoekom seker blomme daar groei en ek beantwoord hul vrae."

Nadat Reginald deur Damelin gematrikuleer het, wou hy 'n mechanic word soos sy pa, Eduward. Eendag in 2002 het Reginald mense gesien wat besig was met navorsing by 'n blommeveld naby sy huis. "Hulle was mense van Biota, 'n navorsingsgroep van Duitsland. Ek het gaan vra hoekom hulle die plante só fyn bekyk. 'n Fotograaf van dié groep, Uta Shcmied, het verduidelik hulle is besig om vergelykings te tref tussen plante in Suid-Afrika, Namibië en Duitsland. Dit het so interessant geklink! Ek het besluit dís wat ek wil doen."

Daarna het Reginald vir Biota gaan werk. Hy het vir agt jaar tussen die Noord- en Wes-Kaap gereis om plante en blomme te kweek en vergelyk. "Toe ek daar begin het, het ek niks van plante geweet nie! Ek het op plekke soos Soebatsfontein en Knersvlakte gewerk. Dít was ook 'n uitdaging, want ek was weg van die huis af. Ons span het jaarliks drie weke intensiewe opleiding gekry, so ons het later ons plante geken. Terwyl jy werk, raak dit maklik 40°C in die veld, maar jy moet jouself motiveer om aan te gaan."

> "Ek lewer praatjies, skryf artikels en doen blommeskoue."

Reginald het ook praatjies gegee by EKKO. "Ek kon vir ure met die skoolkinders sit en praat oor blomplante."

Toe die Biota-projek afgehandel was, het Reginald vir ses maande by Bewaring Suid-Afrika gewerk, waar hy ook blomplante gemoniteer het. Ná al die jare het hy steeds nie 'n gunstelingplant nie. "Dis moeilik om te kies, want almal is so spesiaal! Die wenner moet seker maar die *Cheridopsis* wees, 'n vetplant wat net op wit klippies groei. Dit floreer in die somer en winter, so dit het deursettingsvermoë. Enigeen wat dié werk wil doen, moet deursettingsvermoë soos daardie plant hê."

Reginald het onlangs by die Namakwa Nasionale Park begin werk. "Ons kry die meeste toeriste tussen Augustus en September en dan weer vanaf Desember. Die belangrikste is om mense gefokus te hou, sodat hulle kan luister na wat jy sê en nie net na die blomme kyk nie. Partykeer vra toeriste dieselfde vrae, dan moet jy net glimlag en dit weer beantwoord. Alles wat ek oor blomme weet, het ek deur ervaring geleer. Dit bly die lekkerste gevoel om ander mense van jou passie te vertel."

## NAVORSING



Toe Eugene Marinus die eerste keer die woorde *Protea cynaroides* hoor, het hy verlief geraak op die natuur. Dié woorde is die Latynse naam vir Suid-Afrika se nasionale blom, die protea. Vandag is Eugene (38), ook van Kleinmond, die bestuurder by die Hantam Nasionale Botaniese Tuin in Nieuwoudtville in die Noord-Kaap. Dié tuin het slegs inheemse plante.

Eugene was ook deel van EKKO en het as kind baie geleer by Peter Sligby, toe 'n botanis by die Weskus se Postberg Natuurreservaat. Ná skool het Eugene boukunde (building and structural studies) geswot.

In 1996 het hy eindelik die kans gekry om by die Harold Porter Botaniese Tuin te werk. "Ek is aangestel as 'n algemene werker. In my eerste jaar het ek in die kwekery gewerk en dís waar ek 'n liefde ontwikkel het om moeilike goed te laat groei."

Vyf jaar later het Eugene by Harold Porter se navorsingsafdeling aangesluit. Daarna het hy by Kirstenbosch 'n pos gekry as 'n navorsingsassistent op Nieuwoudtville. "Ek was betrokke by 'n bewaringsboerderyprojek en CREW (Custodians of Rare and Endangered Wildflowers)."

In 2008 het Hantam oopgemaak en Eugene het aansoek gedoen om die pos as bestuurder. "Met 'n span van agt mense het ek 'n plaas omskep in 'n botaniese tuin. Hantam is 'n navorsingshub, met 'n fokus op klimaatsverandering."

As bestuurder moet Eugene alles doen, van navorsing en praatjies tot administrasie. "Dit is nogals uitdagend by tye. Ons is op 'n afgeleë dorpie en die grootste winkel is 'n kafee! Maar my familie is by my en ek doen waarvoor ek lief is."

Eugene geniet dit die meeste om studente met hul navorsing te help. Hy beplan om sy graad in plant- en dierekunde, wat hy aan die Universiteit van Wes-Kaapland begin het, klaar te maak deur UNISA.

Volgens Eugene kan 'n navorser wat as bestuurder werk enigiets vanaf R15 000 verdien.

**MEER INLIGTING**

Vir meer inligting oor loopbane om met blomplante te werk of geleenthede daarvoor, skakel die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (Sanbi) by 012 843 5000 of besoek www.sanbi.org.za.

FOTO'S: VERSKAF



1209KR Loopbaan.indd 2 8/31/12 9:03:07 AM